Uitverkiesing en Predestinasie – Nick Maartens

Inleiding

Om die Bybel reg te verstaan moet ons onthou om ’n belangrike beginsel van Skrifuitleg toe te pas: Skrif moet altyd toegelaat word om Skrif te verduidelik. Wanneer ons gekonfronteer word met ’n skrifgedeelte wat moeilik verstaanbaar is, moet ons gaan kyk wat ander maklik verstaanbare gedeeltes oor dieselfde onderwerp te sê het. Gewoonlik werp die maklike verstaanbare versies meer lig op dié wat onduidelik is. Wanneer dit lyk of daar skrifgedeeltes is wat mekaar weerspreek, lê die oorsaak gewoonlik in ons gebrekkige begrip, of in ’n swak vertaling van die Bybel wat ons gebruik. Omdat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, kan daar geen teenstrydighede of ongerymdhede wees nie.

Predestinasie

Aanhalings uit sekere kerke se belydenisskrifte wat die implikasies van die Uitverkiesing en Predestinasie leerstellings illustreer

> *“Dat God **aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie,** volg uit sy ewige besluit...Volgens hierdie besluit maak God die harte van die uitverkorenes genadiglik ontvanklik – hoe verhard hierdie harte ook al mag wees – **en buig hulle tot geloof”*** (Dordtse Leerrreëls, no.6, uit *Psalms en Skrifberymings* gebruik by N.G.Kerk, Gereformeerde Kerke en N.H. Kerk in Suid – Afrika, my beklemtoning).

> *“God is barmhartig, aangesien Hy **dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek** en verlos; God het hulle, uit louter goedheid...in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies...**God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly** waarin hulle hulleself gewerp het”* (*Nederlandse Geloofsbelydenis*, Artikel16, uit *Psalms en Skrifberymings* gebruik by N.G.Kerk, Gereformeerde Kerke en N.H.Kerk in Suid – Afrika, my beklemtoning).

Definisie van Predestinasie:

> *“Christelijk leerstuk dat het lot van mensen door God is voorbeschikt, hetzij dat zij zijn uitverkoren tot eeuwig heil, hetzij veroordeeld tot eeuwige verdoemenis. Deze leer werd in aangescherpte vorm een van de centrale leers...”* (ENCYCLO.NL Nederlandse Encylopedie).

> (’n Christelike leerstuk dat die lot van mense deur God voorbeskik word; dat sommige uitgekies word tot ewige heil en ander tot ewige verdoemenis...).

Dit is moeilik om te verstaan dat mense kan verkondig dat terwyl God die mag het om verharde harte **tot geloof te “buig,”** Hy dit vir sekere mense nie doen nie en toelaat dat hulle vir ewig vedoem word! Geen wonder die titel van Dave Hunt se boek waarin hy Calvinisme bevraagteken, *What kind of Love is this,* is nie.

Kindertjies van ouers wat lidmate is van denominasies wat aan die uitverkiesingsleer glo, word outomaties as uitverkorenes beskou wanneer hulle as suiglinge gedoop word en as verbondskinders verklaar word.

Word net sekere mense uitgekies om gered te word? Wat leer die Skrif?

1 Timotheus 2:4:

God roep **alle mense** tot bekering:

> " *Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat **alle** mense gered word en tot kennis van die waarheid kom"* (**1 Tim. 2:4**, my beklemtoning).

2 Petrus 3:9:

> *"Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, **maar dat almal tot bekering moet kom"*** **(2 Pet. 3:9**, my beklemtoning**).**

Hand. 10:34:

> "*Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie sekere mense bo ander voortrek nie. In enige volk neem Hy dié mense aan wat vir Hom ontsag het en doen wat reg is"*

Alhoewel die Skrif verklaar dat dit God se wil is dat alle mense gered moet word, is almal nie bereid om tot bekering te kom nie, want vrye wil is hier ter sprake.
Almal word deur God tot bekering geroep, maar net dié wat Sy Seun as Verlosser aanneem, word deur die Vader, in Christus, uitverkies. Die Seun, as Verlosser, reik 'n algemene uitnodiging na alle mense uit:

> *"Kom na My toe, **almal** wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee"* (**Matt.11:28**).

Om te glo dat die **"almal"** in hierdie uitnodiging net betrekking het op 'n selektiewe groep mense wat tot saligheid bestem is, soos die Uitverkiesingsleer dit verkondig, is om met die betekenis van woorde te speel en te sê dat Jesus nie bedoel het wat Hy gesê het nie.

Verduideliking van Romeine 9 en Handelinge 13:48

Romeine 9 en **Handelinge 13:48** word gewoonlik deur Calviniste en ander wat in die Uitverkiesingsleer glo, gebruik om te "bewys" dat God soewerein kies om sommige mense te red en ander te verdoem. Dit word gedoen ten spyte van gedeeltes soos **1 Timoteus 2:3-4** en **2 Petrus 3:9** wat verklaar dat God wil hê dat **alle** mense gered moet word.

Hoe moet Romeine 9 verstaan word?

Aanhangers van die Uitverkiesingsleer lees hulle voorafopgestelde opinie in **Romeine 9** in sonder om die wyere openbaring van die Skrif in aanmerking te neem.

Romeine 9:3

> *"Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers,* ***my stamgenote na die vlees****, 'n vervloeking te wees, wég van Christus af"(*my beklemtoning*).*

In hierdie skrifgedeelte definieer Paulus die onderwerp van sy bespreking, sy ***"stamgenote*** na die vlees," m.a.w. fisiese Israel – **Paulus praat hier van 'n nasie, nie van individue nie!** Die Skrif self moet verduidelik.

Romeine 9:11-13

> *"Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep, is vir haar* (Rebekka) *gesê: Die oudste sal die jongste dien.* ***Soos geskrywe is****: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat"* (My klem).

As Paulus sê ***"soos geskrywe is"*** dan moet ons na die konteks gaan kyk waar dit "*geskrywe"* is. Ons vind dit in **Genesis. 25:23-26** :

> *"****Twee nasies*** *is in jou skoot, en* ***twee volke*** *sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en* ***die oudste sal die jongste dien.*** *...En die eerste is gebore...Daarom het hulle hom Esau genoem. En daarna is sy broer gebore, terwyl sy hand die hakskeen van Esau vashou. Daarom het hulle hom Jakob genoem*"(my beklemtoning).

In Paulus se bespreking van Rebekka se twee seuns, Jakob en Esau, gebruik hy die woord "verkiesing." Alhoewel Esau die oudste was, het God Jakob uitverkies as die een deur wie se afstammelinge die Messias gebore sou word. Let wel, God het nie die man, Jakob as individu tot saligheid uitverkies nie, maar sy afstammelinge, die nasie Israel, uitverkies om die instrument te wees deur wie die Saligmaker gebore sou word. Die gedeelte verklaar ook nie dat al die afstammelinge van Jakob gered sal word en ook nie dat die hele nageslag van Esau verlore sou gaan nie. Die gedeelte verklaar slegs dat God gekies het dat Jesus uit die nageslag van Jakob, eerder as uit Esau sin, gebore sou word. As 'n instrument in sy hand kan God kies wie Hy wil; Hy het op 'n keer selfs 'n donkie gekies om deur te praat **(Num. 22:28-30).** Sê dit iets van die donkie se saligheid?

Ook terloops, die profesie in **Genesis 25:23-26** dat die oudste die jongste sal dien moet van toepassing wees op die twee volke Israel en Edom, want in die geskiedenis van Esau, is daar geen aanduiding dat hy in die lewe Jakob ooit gedien het nie.

Romeine 9:13 – ***"Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat."***

Calviniste plaas groot klem op hierdie skrifgedeelte om hulle uitverkiesingsleer te staaf. Paulus kwoteer hier 'n gedeelte uit die Ou Testament en om dit reg te verstaan, moet na die Ou Testamentiese konteks gekyk word.

Maleági 1:2-4:

> *"... Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat...* (Esau is Edom", **Gen. 36:8**) ***Die volk*** *waarop die HERE vertoornd is tot in ewigheid!"* (my beklemtoning).

Weereens moet daarop gelet word dat in hierdie gedeelte daar weer van twee nasies gepraat word, nie die saligheid van twee individue nie. Tydens hierdie uitspraak van die profeet was altwee die stamvaders, Jakob en Esau, reeds lankal dood. Die uitspraak het betrekking op hulle afstammelinge, die Israeliete en die Edomiete. As God sê dat Hy Esau (die nasie) haat, moet ons ook in gedagte hou wat Jesus gesê het:

> *"As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie"* **(Luk. 14:26).**

Het Jesus letterlik bedoel dat iemand sy familie moet haat? As Hy beveel het dat jy jou vyande moet liefhê **(Matt. 5:44)**, hoe kon Hy bedoel dat jy jou familie moet haat? Hierdie "haat" waarvan Jesus praat, moet eerder in 'n vergelykende hoedanigheid gesien word. Vergelykenderwys het God Esau se afstammelinge nie op dieselfde manier geseën as vir die nasie Israel nie. Dit is waar dat God die volk Esau gestraf het deur hulle land 'n wildernis te maak **(Mal. 1:3)**, maar het Hy dit sonder 'n rede gedoen? Die Bybel verduidelik hoekom God Edom verwoes het:

> "*So sê die Here HERE aangaande Edom:* ***Weens die geweld teen jou broer Jakob*** *gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig... En jy moes nie...sy vlugtelinge...uitgelewer het op die dag van benoudheid nie...soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word.."* **(Obad. 1:10-15**, my klem**).**

Edom het gemaai wat hulle gesaai het **(Gal. 6:7).**

Ons sien dus dat Edom/Esau deur God verwoes is as gevolg van sonde. Esau, as man of as 'n nasie, is nie deur God "gehaat" as gevolg van die feit dat hulle van voor die grondlegging van die aarde, deur 'n willekeurige besluit van God tot verdoemenis uitverkies is nie.
Petrus verduidelik:

> *"Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie,* ***maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is****"* **(Hand. 10:34-35**, my klem**).**

Hand. 13:48:

> *"En toe* die *heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat* ***verordineer*** *was tot die ewige lewe."*

Weereens, ten spyte van die uitsprake van soveel ander skrifgedeeltes wat die teendeel bewys, is Calviniste oortuig dat **Handelinge 13:48**, op grond van hulle vertolking van die betekenis van die woord "verordineer", onvoorwaardelike uitverkiesing "bewys." Hulle laat egter na om te noem dat daar groot meningsverskil onder Griekse Taalkenners bestaan oor die betekenis van hierdie woord. As die betekenis van *verordineer* egter in harmonie gebring word met ander duidelike skrifgedeeltes wat na die vrye wil van die mens verwys, kom 'n mens tot ander insigte.

Die betekenis van *"verordineer"* in Handelinge 13:48 – *tetagmenoiō (tasso)*

Die ***Greek New Testament*** van Alford verduidelik die woord so:

> *"marshalled themselves, prepared themselves, or disposed themselves"* (Alford, *The Greek New Testament,* II:153;

Hierdie betekenis van die woord pas die beste by die konteks van wat in **Handelinge 13** gebeur het. In Antiochië het Paulus met die Jode gepleit om Jesus Christus in geloof aan te neem, maar hulle het geweier:

> *"... baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote het Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en **hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly..**.Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is"* **(Hand.13:38-43).** "*En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat **verordineer** was (who **"marshalled themselves, prepared themselves, or disposed themselves"** tot die ewige lewe"* (**Hand. 13:48**, my beklemtoning). *(Alford, The GreekNew Testament, II:153*

Hierdie verduideliking wat 'n sekere gesindheid ten opsigte van die waarheid beskryf, pas meer in by die onmiddellike konteks en ook by dít wat in die res van die Skrif geopenbaar word. So byvoorbeeld lees ons die volgende aangaande die mense van Berea aan wie Paulus-hulle ook die Evangelie verkondig het:

> *"En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge sowas. Baie van hulle het dan ook gelowig geword..."* **(Hand. 17:11-12).**

In al hierdie gedeeltes waarna verwys word, is daar geen aanduiding dat dié wat gelowig geword het, volgens 'n ewige besluit gepredestineer is om gered te word nie. Volgens wat die Skrif openbaar, maak ons die afleiding dat die Heilige Gees die harte van alle mense wil beïnvloed om die Evangelie te aanvaar. So byvoorbeeld moes die Heilige Gees al lank met Paulus bemoeienis gemaak het, want ons lees dat tydens sy bekering op pad na Damaskus, Jesus vir hom gesê het:

> *" Ek is Jesus wat jy vervolg. **Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop"*** (**Hand. 9:5,** my beklemtoning).

Hier is 'n voorbeeld van die feit dat iemand die werking van die Heilige Gees kan weerstaan. Wat in **Handelinge 13** bespreek word, handel nie oor uitverkiesing van voor die grondlegging van die aarde nie, maar oor die reaksie van mense, op daardie tydstip, op die verkondiging van die Evangelie. Die implikasie van die konteks van **Handelinge 13** is dat die mense 'n hele week gehad het om die woorde van Paulus te oorweeg, en nadat hulle hom vir 'ntweede keer gehoor het, het sommige oortuig geraak. Hulle bekering was nie 'n passiewe ontvangs van die Woord nie, maar 'n deurdagte respons op Evangelieverkondiging.

Die Pottebakker en die klei – Jeremia 18:1-10

Net soos in **Romeine 9** het die profetiese woord in **Jeremia 18** betrekking op **die volk Israel**, nie op individue nie. Nêrens in die konteks is daar enige aanduiding dat God individue

willekeurig tot saligheid of verdoemenis predestineer nie.

> *"Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o **huis van Israel?** spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, **o huis van Israel!** In een oomblik sal **Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk** om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig;maar as **dié nasie** waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen"* **(Jer. 18:6-8**, my beklemtoning**).**

Daar is 'n verskil tussen Goddelike voorkennis en Goddelike voorafbeskikking

> *"...soos Hy ons **in Hom uitverkies** het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees* **(Ef. 1:4**, My beklemtoning).

In hierdie skrifgedeelte is die voorkennis van God ter sprake. Omdat God tyd geskape het, staan Hy buite menslike tyd en daarom sien Hy die begin en die einde van alles raak, maar omdat Hy vooraf weet wat elke mens gaan besluit, beteken dit nie dat Hy die wil van mense "buig" en manipuleer nie. God is geen aannemer van mense nie **(Hand. 10:34),** maar **dié wat kies om in Sy Seun te wees, word "uitverkies" en aangeneem.**
God gee aan alle mense die vryheid om eie besluite te neem. Aangesien God se voorkennis nie aan mense bekend is nie, kan dit nie as verskoning vir hulle besluite gebruik word nie.

Exodus 7:3: *"Ek sal Farao se hart verhard."*

Skrif kan nie Skrif weerspreek nie en omdat God se Woord verklaar dat dit nie Sy wil is dat iemand verlore gaan nie **(1 Tim. 2:4)**, moet die verse wat op die oog af lyk of God die inisieerder van Farao se verhardheid was, 'n logiese verklaring hê. **Exodus 3:19** verskaf die verduideliking. In hierdie vers sien ons duidelik wat God vooraf van Farao geweet het
(Sy voorkennis):

> *"Maar Ek weet dat die koning van Egipte julle nie sal laat gaan nie, ook nie deur 'n sterke hand nie."*

God het nie die verharding van Farao se hart geïnisieer nie. Hy het maar net gereageer op wat alreeds in die Egiptiese leier se hart was en die omstandighede geskep wat veroorsaak het dat dit te voorskyn kom **(Matt. 12:34-35).** Ten spyte van die feit dat Farao al reeds vir baie jare die wrede onderdrukker van Israel was, het God hom keer op keer genadiglik 'n kans gebied om tot bekering te kom (elke plaag was bedoel om Farao tot inkeer te bring, maar elke keer het hy geweier **(Ex. 7:14,16, 8:15,19, Ex. 9:27...)**
In die Nuwe Testament kry ons dieselfde beginsel – as mense hulle hart verhard en nie op Goddelike openbaring wil reageer nie, kom daar 'n stadium waar God hulle aan hulle eie begeertes oorgee:

> *"omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid"* **(2 Thess. 2:10-12).**

Paulus beklemtoon dieselfde waarheid:

> *"Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense **wat** in ongeregtigheid **die***

> ***waarheid onderdruk****…**Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee** aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer, hullewat die waarheid van God verruil het vir die leuen… "* **(Rom. 1:18-27**, my beklemtoning**).**

Die verskil tussen om gekies te word as ’n instrument in God se Hand en ’n oproep tot dissipelskap
Voorbeelde van instrumente wat al deur God gebruik is om sekere doelstellings te bereik:

’n Donkie **(Num. 22:21-34**), ’n groot vis **(Jona 1:17**) en Farao en die Assiriërs...

"Assirië, die stok waarmee Ek sal straf, die werktuig van My toorn! Ek stuur hom teen die godlose nasie..." (**Jes.10:5-6**).

Om as instrument deur God gebruik te word, sê nie noodwendig iets van die betrokke instrument se ewigheidsbestemming nie.

Dissipelskap

Mense word geroep om vrywillig te kies om dissipels van Jesus te word (**Lukas 18:18-30, Matt. 4:21-22**).
Slotsom

Voorbeelde in die Bybel van mense wat ’n keuse moes maak om God te gehoorsaam - Adam en Eva **(Gen. 2:16).** Hoe onregverdig sou dit gewees het as Adam en Eva veroordeel was as hulle in die eerste plek geen beheer gehad het oor wat hulle besluit het nie!; **Deuteronomium 30:19, Josua 24:15, "*Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag" (my beklemtoning).*** Jesus het verwag dat die Jode moes kies:

*"Jerusalem, Jerusalem...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n henhaar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en **julle wou nie**!* **(Matt. 23:37,** my beklemtoning**).**

Ek sou graag wou hoor hoe dié wat in Predestinasie glo, Jesus se vermaning om hard te stry om in die nou poort in te gaan, verduidelik. Die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord "uitverkiesing" kan net verstaan word as daar op gelet word dat dit in die konteks van "*in Christus*" gebruik word (**Ef. 1:4**). God "kies" Sy Seun en Hy, Jesus, maak ’n algemene uitnodiging:

> *"Kom na My toe,* ***almal*** *wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee"* **(Matt. 11:28).**

Volgens die Evangelie kan almal verseker wees dat omdat Jesus vir die sonde van die wêreld gesterf het, dat God wil hê dat almal tot bekering moet kom en Hom as Saligmaker moet aanneem (**Hand. 17:30**).
Die feit dat daar baie ware gelowiges in Calvinistiese kerke sit, is nie te danke aan die Calvinistiese verlossingsleer nie, maar te danke aan die feit dat hulle die waarheid vir hulle self in die Bybel en in die lees van evangeliese literatuur ontdek het.

Nick Maartens
0827826074,
E-*pos:* nickmaartens@hotmail.com
Webtuiste: www.nickmaartens.co.za